*Saterdag* 10 Januarie

Skrifgedeelte: Matteus 20:17-34

Fokusgedeelte: Matteus 20:31-33 (AFR53)

Die barmhartige Messias vir ellendige mense

Weer lees ons van twee blindes wat langs die pad gesit het. Ellendig sit hulle daar. Hulpeloos. Hulle kan moeilik hulle roeping uitleef in die amp van gelowige; hulle leef moeilik hulle roeping uit as beeld van God. Hulle is ellendig en hulle het dit baie goed geweet. Ken ons nog ons ware ellende, ons diepste nood, die nood van die sonde?

Hierdie twee blindes is egter gelowiges. Hulle roep uit na die Here Jesus, ten spyte van hulle ellende. *Wees ons barmhartig, Here, Seun van Dawid!* Hier is die Koning, roep hulle uit. Hier is die Messias, hier is die Christus, hier is die beloofde Verlosser en Heiland. Al waarop hulle hul kan beroep, is sy barmhartigheid. Die skare wil hulle verhoed, maar hulle roep al harder in die geloof.

Die wêreld wil ons roepstem dooddruk, maar in die geloof kan ons uitroep na die Here. Hierdie twee manne se geloof faal hulle nie. Die Here roep hulle dan en vra 'n vreemde vraag aan hulle. Wat wil julle hê moet Ek vir julle doen? En dan vra hulle nie vir bietjie brood, of 'n paar rand, of 'n miljoen rand nie. Hulle vra dat hulle mag sien. Hulle vra dat hulle grootste en diepste nood genees word. Hulle vra vir lewe, hulle vra dat hulle weer beeld van God mag wees en mag werk in die Here se skepping.

Hier is die groot Messias, die Seun van Dawid, die Koning. Hy is anders. Hierdie Koning het nie op die troon gaan sit en mense beveel, soos wat konings maak nie. *Hy het sy lewe gegee as 'n losprys vir baie* (Matt. 20:28). Hy het Homself gegee sodat ek en jy kan lewe. Hy het Homself gegee vir ons diepste nood en ellende – ons sonde. Dis wat verhoed dat ons werklik lewe. Hiervan het Hy ons kom bevry en ons kom losmaak. Ons mag weer by ons Vader wees. Ons het geen rede om nog in ons ellende te bly nie. Ons kan ons Here volg deur sy Heilige Gees wat ons hierin lei.

*Sing: Psalm 91-1:1, 8*

*Ds. R (Reinhart) Boersema (Vaalwater)*